402540



## 269 HENDRIK STEPHANUS VAN ZYL.

**269/1**
**KORRESPONDENSIE**
116 items

**14.11.1898** Geyser,L.C.(Buluwayo)/
H.g. Wolmarans,J.M.A.(Pta.)
2bl. (1)
Die oorlog teen Magato; vertroulike mededeling aan 'n lid van die Volksraad oor beweerde beesdiefstal op die noordgrens (die Krokodilrivier).
Teks in Nederlands-Afrikaans.

**15.11.1898**
H.g.
2p. (2)
Stel voor dat vrywilligers die grens patrolleer, Magato se vee vang en aan die Transvaalse Regering lewer; oor 'n beloning vir sulke persone.
Teks in Nederlands-Afrikaans.

**17.11.1898** Bos,S.H.(Nijlstroom)/
H.g. Reitz,F.W.(Pta.)
1bl. (3)
Oor Kmdt. De Meillon wat "de President en den Staatssecretaris door woorden beledigt" het; werk as klerk a.g.v. gesondheidsprobleme; is bereid om persoonlik die storie aan Reitz oor te dra.
Teks in Nederlands.
Nota: Dr. Bess Reitz, tweede vrou van H.S. van Zyl, was 'n dogter van Pres. F.W. Reitz. Hierdie [drie] stukke waarskynlik afkomstig van F.W. Reitz. D.P. de V. Junie 1992.

**3.12.1898-8.1.1900**
Korrespondensie van M. von Wielligh, [G.?] von Wielligh en M. von Wielligh van Clanwilliam aan H.S. van Zyl in Cambridge.
H.g.
19 items **(4/1-4/13)**
Nota: Van Zyl se moeder en vader was beide meer as een keer keer getroud. Hierdie briewe is moontlik deur sy moeder M. von Wielligh en stiefvader [G.?] von Wielligh, asook halfsuster Maria geskryf. Van Zyl se moeder is op 11.11.1899 oorlede. Die familiebriewe handel oor algemene sake, en is nie ontsluit nie. Die ouers se handskrifte is byna onleesbaar.

**8.12.1898** [ ]/Malan,F.S.(Ksd.)
H.g.
7p. (5)
Sy kwalifikasie in Cambridge verwerf; kon nie as advokaat in die Kaapkolonie toegelaat word nie; Malan se hulp; 'n kommissie van die universiteit gee aandag aan die probleem; gee vertroulik die inhoud van die kommissie se rapport; voel die wet wat hulle verbied om te praktiseer is onbillik; die hoofregter se uitspraak "in de zaak van Macklewain"; vra dat Malan weer die saak met Schreiner sal bespreek; stel 'n proviso aan voormelde wet voor; ander Suid-Afrikaanse studente in Engeland.
Teks in Nederlands.

UNIV. STELLENBOSCH
3005025279

**9.8.1899** Van Zyl,D.J.A.(Ksd.)/
H.g. Van Zyl, H.S.(Cambridge)
4p. (6)
Gebeure in die Parlement; kommentaar oor die oorlog in die Transvaal; oor die wet van 1896 en persone wat in die buiteland gestudeer het; trots op sy broer; gaan die Noordweste besoek; vra verskoning dat hy nie eerder geskryf het nie.
Teks in Nederlands.
Nota: Skrywer was lid van die Kaapse Parlement vir die kiesafdeling Clanwilliam, en 'n halfbroer van H.S. van Zyl.

**17.11.1899** Grové,C.J.(Clanwilliam)
H.g.
4p. (7)
Meegevoel met die dood van sy moeder; les uit haar dood te leer, om gereed te wees om te sterf; Kitty en Maria se hartseer; verdere opmerkings oor die moeder se skielike dood; hy en sy vrou het 'n dogter ryker geword; landstoestande; verbittering oor die oorlog sal lank voortduur; Engeland is nie almagtig nie.
Teks in Nederlands.

**6.3.1900** Adams,G.E.(Cambridge)
H.g.
1bl. (8)
Sy verkiesing as president van die University Union Society.
+ Koevert.
+ Knipsel uit Daily Graphic, Londen.
+ Koevert.
Items in Engels.

**9.3.1900** Chrouschoff,T.de
H.g. (Cambridge)
Kaartjie (9)
Jammer dat hy nie die konsert kon bywoon nie; hoop dat hy in die nuwe kwartaal by hulle sal kom eet.
+ Koevert.
Items in Engels.

**25.10.1900** /Visser,Sinnie
H.g.
14p. (10)
Verbaas om 'n brief uit SA te ontvang; hoe sy lyk; stuur twee foto's van haar man Meesha; Russe hou van informaliteit; hulle verhouding met H.S. van Zyl; positiewe kommentaar oor hom; sy dapper standpuntinname oor die oorlog in Transvaal, ook by die Union Society; 'n onderwerp oor die oorlog wat bespreek is; haar indrukke van Van Zyl se toespraak; sy moeder se dood; sy hoofpyne; verneem na hul ander familie; pro-Boer sentimente; foto van haar seun.
Item in Engels.
Nota: Sinnie Visser was Van Zyl se skoonsuster.

**4.2.1901** Merriman,John X.(Londen)
H.g.
4p. **(11)**
Sal die Union toespreek op 5 Maart indien hy nie ander politieke afsprake het nie; erns van die toestand aan die Kaap; oor Dirk; nooi Van Zyl vir middagete.

**7.3.[1901]** Speakman,H.D.(Cambridge)
H.g.
8p. **(12)**
Wens hom geluk met sy toespraak; 'n laat kerskaart; simpatie met die Boere; die dood van die Koningin; hoop om hom weer te sien; Harry Jameson; besoek van Labouchere; Gladstone; die koue winter.
+ Koevert.
Items in Engels.

**20.4.1901** Merriman,John X.
H.g.
2p. **(13)**
Van Zyl se telegram ontvang; voel dit sal "undignified" wees as hy by een van die Union se vergaderings optree; sal liewer later Cambridge besoek en Suid-Afrikaners ontmoet; wil nie onmin in die debatsvereniging hê nie.
+ Koevert.
Items in Engels.

**23.4.1901**
H.g.
4p. **(14)**
Jammer oor misverstand t.o.v. sy optrede in Cambridge; Van Zyl het nie die prosedure aan hom verduidelik nie; meen Suid-Afrikaanse sake is "far too serious to indulge in a personal wrangle".
+ Koevert.
Items in Engels.

**2.5.1901**
H.g.
2bl. **(15)**
Hoop dat hy vergewe is; het ook geweier om die Oxford Union toe te spreek; Suid-Afrikaners in Edinburgh is trots op Van Zyl se verkiesing.
+ Koevert.
+ Artikel: The South African Settlement. Gedruk. 12p.
Items in Engels.

**2.5.1901** Birrell,A.(Londen)
H.g.
3p. **(16)**
Sien persoonlik nie kans om die Union toe te spreek nie; wens hom as "old Cambridge man and member of the Union" geluk met sy verkiesing as President.
+ Koevert.
Items in Engels.

**19.5.1901** Annesley,E.D.(Leamington H.g.
Spa)
4p. (17)
Gelukwense met sy verkiesing tot Union; kommentaar op Van Zyl se opinies oor "the Africanders"; verbintenis met die "British Empire"; die situasie in Australië; voel daar moet in vrede saamgeleef word.
+ Koevert.
Items in Engels.

**22.5.1901** Lloyd George,D.(Londen)
H.g.
2bl. (18)
Verstaan sy situasie; dink dat hy die regte besluit geneem het; "The nation has not been completely cured of its hydrophobia".
+ Koevert.
Items in Engels.

**30.8.1902** Leipoldt,C.F.[et al.]
H.g. (Clanwilliam)
1bl. (19)
Verwelkom hom terug na sy verblyf in Engeland; goeie wense.
Item in Nederlands.
Nota: Onderteken deur 57 persone.

**7.2.1903** [Van Zyl,?](Van
T.g. Rhynsdorp)
3bl. (20)
H.S. van Zyl is op 'n openbare vergadering gekies as verteenwoordiger van die distrik; verstrek 'n lys van die vier sake waaraan hulle wil hê dat hy aandag sal gee; hoop dat hy sal aanneem.
Item in Engels.
Nota: Ook onderteken deur die voorsitter [J.?] van Zyl.

**[20.2.1903]** Crouschoff, Helen
H.g.
4p. (21)
Vertel van haar suster Tatiana se siekte en skielike dood; haar man en kinders se hartseer; sy is tydelik begrawe, maar sal in Rusland herbegrawe word.
Item in Engels.

**26.6.1903** Chrouschoff,Cecile de
H.g. (Biarritz)
4p. (22)
Het van mev. Speakman gehoor dat Van Zyl nie seker is of haar vader sy brief van simpatie gekry het nie; oor haar moeder se dood; hulle beplande vertrek na Rusland; sou graag weer van hom wou hoor.
+ Koevert.
Items in Engels.

**27.11.1903** Merriman,John X.(Stb.)
H.g.
2bl. (23)
Sluit 'n bekendstellingsbrief aan Dean in; oor die "asiatic immigration business"; dink hy doen 'n "wise and plucky thing to stand".

+ Brief. Merriman, John X./[J.?]Dean(Ookiep). 27.11.1903. H.g. 3bl.
Van Zyl se kandidaatskap; sy posisie by die Union in Cambridge.
+ Koevert.
Items in Engels.

**[1903?]** Paarl Kiesafdeling
H.g.
2p. **(24)**
Versoekskrif om as SAP kandidaat hom verkiesbaar te stel in die komende verkiesing.
Item in Nederlands.
Nota: Onderteken deur 21 persone van Dal Josaphat.

**28.7.1913** Visser,A.G.
H.g. (Carnarvon)
2bl. **(25)**
Simpatie met die heengaan van Sauer, "die altyd raad wist"; simpatie ook aan mev. Sauer en die kinders; Sauer se staatsmanskap.
Item in Nederlands.
Nota: Geskryf deur die vader van die digter A.G. Visser. Van Zyl was getroud met J.W. Sauer se dogter.

**29.7.1913** Van Zyl,G.Brand
H.g. (Normanhurst)
2bl. **(26)**
Simpatiebetuiging met skoonvader se dood; positiewe woorde oor hom.
Item in Engels.
Nota: Die latere Goewerneur-Generaal.

**6.8.1913** Botha, Louis(Pta.)
T.g.
2bl. **(27)**
Bied sy hulp aan mev. Sauer; oor die industriële moeilikhede; toekenning van politieke regte aan die spoorwegwerkers.
+ Koevert.

**14.8.1915** Merriman, John X.(Stb.)
H.g.
12bl. **(28)**
Kritiek op Van Zyl se nuwe politieke standpunte; Botha se posisie; kommentaar oor die Hollandse teenoor die Engelse bewindsjare aan die Kaap; S.J. du Toit en [D.F.?] Malan wat tweedrag tussen twee Europese rasse voorstaan; verdere opmerkings oor die situasie in Suid-Afrika; anekdote m.b.t. Van Zyl.
+ Koevert.
Items in Engels.

**18.9.1915** /Schweizer,C.
T.g.
1bl. **(29)**
Sy kandidaatskap in Aliwal, waar hy Van Zyl opponeer; kritiek op die Nasionale Party se standpunte; hoop dat die SAP die Nasionaliste sal verslaan.

**24.3.1921** (Ksd.)/Van Zyl,H.S.
H.g.
2bl. **(30)**
Bedank vir sy verjaardagwense; goeie wense vir die toekoms.

**5.6.1921** [V.,G.?](Citrusdal)
H.g.
3bl. **(31)**
Algemene nuus; storie oor Bruckner de Villiers; oor familie en bekendes.
Nota: Geskryf deur Van Zyl se suster.
+ Koevert.

**12.4.1925** [Van Zyl,H.S.](V/W)
H.g. Oubaas [Van Zyl,Tania?](Ksd.)
2p. **(32)**
Sy werk op Victoria-Wes; tennis; insident waar sy bril gebreek is deur 'n tennisbal "between the eyes"; ander aktiwiteite; bespiegel oor wanneer die werk daar klaar sal wees.
+ Koevert.
Items in Engels.

**10.4.1929** Kearns,J.N.[et al.]
T.g.
1bl. **(33)**
Het onlangs 'n onderhoud met Van Zyl gehad rakende die saak teen Hendrik van Wijk; waardering vir die wyse waarop hulle ontvang is en vir die inligting wat aan hulle oorgedra is; stuur 'n petisie aan die Eerste Minister waarin gevra word dat die doodvonnis verander word na lewenslange tronkstraf.
Item in Engels.
Nota: Ook onderteken deur H.J. Carolissen en B.B. Fortuin.

**30.5.1930** Krige,Joel(Ksd.)
H.g.
1bl. **(34)**
Reageer op Van Zyl en regter Watermeyer se navraag oor Gladys Cooper.
+ Aantekeninge oor Gladys Cooper. H. 2bl.
Nota: Joel Krige was die Volksraadslid vir Caledon.

**9.2.1932** Engelenburg,F.V.(Pta.)
H.g.
1bl. **(35)**
Bedank hom vir "die konferensie-drietal onder u leiding" wat 'n onderhoud met die Minister van Onderwys gehad het oor "ons spellings-probleem"; hoop om hom persoonlik te besoek.

**15.1.1934** [Van Zyl],Helm/
H.g. [Van Zyl,H.S.,mev.]
8bl. **(36)**
Beira; plantegroei en seekoeie tydens rit op Buzi rivier; landbouaktiwiteite; kommentaar oor twee persone wat hy aan boord ontmoet het; 'n ander uitstappie; hy word aangesien vir 'n Engelsman met sy sonhelm en sonbril.
Item in Engels.
+ Koevert.
Nota: Posstempel Dar-es-Salaam.

**6.3.1934** (Londen)/[Van Zyl],Paul
H.g. (Ksd.)
6bl. **(37)**
Algemene opmerkings; sy besoek aan Londen; allerlei ervarings daar; Rodin se werk; simpatie met Paul se eksamenuitslae.
+ Koevert.
Items in Engels.

**31.12.1936** De Villiers,J.E.R.(Bfn.)
H.g. [Van Zyl],Dot
1bl. **(38)**
Nuwejaarswense; sluit kaart in met opdrag [to] "ask Hendrik if the enclosed conveys anything to him".
+ Kaart van Cambridge Union Society's Presidential dinner, 1901.
Items in Engels.
Nota: De Villiers het die Union ete bygewoon as H.S. Van Zyl se gas.

**[-.-.193-]** Van Zyl,Tania(Parys)/
H.g. [Van Zyl,H.S.]
3bl. **(39)**
Haar moeder se siekte; bied aan om terug te kom, hoewel sy graag langer sou bly; het *Moord op Boontjieskraal* gelees; stel voor dat hy nog skryf; inligting oor die staking in Parys.
Item in Engels.

**13.10.1941** Merensky,H.(Duivelskloof)T.g.
1bl. **(40)**
Avokadobome wat Van Zyl bestel het; produksie van die Fuerte avokadoboom; sluit notas oor kweek van papajas in.
Nota: Gemelde items ontbreek.
+ Brief. Van Zyl,H.S.(Ksd.)/Merensky.H. 2.11.1945. T.(kopie). 1bl.
Bedank vir besoek; Merensky se avokadoboorde; sy eie pogings met avokados.
Items in Engels.

**18.1.-9.8.1945**
T.
17 items **(41/1-17)**
Korrespondensie e.a. items oor die moord op Helmuth James von Moltke deur die Nazis.
Items in Engels.
Nota: Die Von Moltke kinders was die kleinkinders van Sir James en Lady Innes van SA.

**3.9.1945** Chapman,E.(Lourenco Marques)/Van Zyl,H.S.
T.g.
1bl. **(42)**
Algemene opmerkings; Van Zyl se pogings op landbougebied; *Plowman folly* en *Living soil*; kompos.
Item in Engels.

**17.1.1946** Buchanan,mnr.
T.
5bl. (43)
[Toespraak?] by afskeid van H.S. van Zyl as Regter-President in 1946.
+ Kopie. T. 5bl.
Items in Engels.
Nota: Oor Van Zyl se lewe en prestasies.

**10.8.1948** Van Wyk,G.J.(Springbok)
T.g.
1bl. (44)
Uitnodiging om as spreker op te tree by hulle jaarlikse Heldedagviering; bespreek moontlike datums.

**14.12.1948**
H.
5bl. (45)
Toespraak gelewer aan die US.
Nota: Tema die "Naturelle" vraagstuk.

**18.12.1949** Swart,C.R.(Pta.)
H.g.
2bl. (46)
Bly dat hulle die reis geniet het; die Drankwet; sal hom insae daarin gee; oor sy dogter; goeie wense.

**6.4.1950** Voors.,LGS Boufondskom.
H.g. D.F.Malan,jr. (Stb.)
1bl. (47)
Stuur afskrif van memorandum oor Langenhoven Gedenksaal, asook bykomstige stukke; bedank vir sy hulp.
Nota: Gemelde stukke ontbreek.

**19.5.1950** Asst.-Reg.,US
T.g. H.P. Dekker
1bl. (48)
Senaat neem kennis van sy bedanking as Vise-Kanselier en lid van die Raad, na sewentien en drie en dertig jaar respektiewelik; dank en goeie wense.
+ Koevert.
+ Brief. Van Zyl,H.S.(Ksd.)/Dekker. 30.5.1950. H.g. 1bl.
Bedank vir brief en wense daarin uitgespreek; goeie wense aan Stellenbosch.
+ Nota met datums van Van Zyl se verbintenis met die US. 18.2.1950. T.g.D.J. Kriel. 1bl.
+ Nota in hs. Van Zyl, met nota in hs. D.P. de Villiers onder. [-].6.1992.

**[-.-.1950]** Van Zyl,H.S./
H.g.(kopie) Verwoerd,H.F.(Pta.)
1bl. (49)
Wens hom geluk met sy verkiesing as Minister van Naturellesake; meen sy bekwaamheid en agtergrond sal hom baie help.
+ Antwoord. Verwoerd/Van Zyl. 6.11.1950. T.g. 1bl.
Bedank vir brief en goeie wense.
+ Koevert.

**15.12.1954** Strijdom,J.G.(Pta.)/
T.g. Van Zyl,H.S.(Ksd.)
1bl. **(50)**
Bedank vir gelukwensing met sy aanvaarding van Eerste Ministerskap.
+ Koevert.

**269/2**
**AMPTELIKE VERSLAE EN RAPPORTE.**
163 items

**269/2/1**
**Suidwes-Afrika Kommissie.**
68 items

**269/2/1/1**
**Inligting, hoofsaaklik vertaal uit Duits, oor aktiwiteite van die Nazis in Suid-Wes Afrika.**
T.(d.)
64 items
Nota: Inligting moontlik byeengebring vir Van Zyl toe hy in 1934 aangestel is as voorsitter van 'n ondersoekkommissie na die wetlike aspekte van die moontlike inlywing van SWA by die Unie.

**269/2/1/2**
**Verslag van die Suidwesafrika-Kommissie.**
Gedruk
109p.
+ Brief. Vedder,H.(Okahandja)/Van Zyl,H.S.(Ksd.) 5.8.1936. T.g. 2bl.
Bedank vir eksemplaar van verslag; kommentaar daarop; ander inligting oor punt 63; die Boesmans; probleme t.o.v. lesings by die US.
+ Brief. Van Heerde,G.L.(Ksd.)/Van Zyl,H. 21.9.1936. T.g. 1bl.
Stuur eksemplaar van verslag terug wat aan hom geleen was; veral dele oor Naturelle met groot aandag gelees; het verbatim rapport van die getuienisse gekry, asook eie eksemplaar van die verslag.

**269/2/1/3**
**House of Assembly debates.**
Gedruk
Nota: Debat oor die "Incorporation of South-West Africa" op 26.2.1946. Bl.2382 - 2427.
Nota: Nota in hs. Eric H. Louw op voorblad.

**269/2/2**
**Historiese Monumentekommissie.**
Korrespondensie, notules, jaarverslae e.a. items oor die werksaamhede van die Kommissie, Desember 1941 - Junie 1954.
± 70 items
Nota: Volgens nota in sy eie hs., is H.S. van Zyl in 1943 op die Kommissie aangestel en het tot 1949 daarop gedien. Volgens die korrespondensie is hy reeds in September 1942 as Voorsitter verkies, en het hy in Junie 1954 bedank "weens omstandighede".

**269/2/3**
**Items i.v.m. ontdekking van die Hoofrif op Witwatersrand, o.a. F.E.T. Krause se *Review*.**
13 items (1-6)

**269/2/4**
**Items i.v.m. Verslag van die Cape Coloured Liquor Commission of Inquiry.**
11 items (1-8)

**269/2/5**
**Rapport betreffende de biologie in de Unie van Zui-Afrika ... September - October 1938.**
1 item.
Nota: Rapport deur Biologische Raad van Nederland: Commissie voor Zuid Afrika.

**269/3**
**MANUSKRIP VAN ONGEPUBLISEERDE ROMAN.**
T. met H.-verbet.
72 bl.
+ Kopie. T. met H.verbet. 72 bl.
Nota: H.S. van Zyl het onder die skuilnaam Dirk Terblank 'n roman met die titel *Moord op Boontjieskloof* (Naspers, 1935) gepubliseer. Sy seun Paul het nie van 'n tweede roman geweet nie, het trouens gemeen dat hierdie 'n manuskrip van die gepubliseerde roman is.

**269/4**
**PERSONALIA.**
34 items

**269/4/1**
**Items van H.S. van Zyl.**
9 items
Nota: Items sluit o.a. in sy doopseël, diverse items uit die tydperk toe hy student in Cambridge was en sy aanstellingsbrief as regter.

**269/4/2**
**Items i.v.m. die Sauer familie.**
17 items
Nota: Items sluit in 9 leë koeverte uit 1902, gedigte wat die Van Zyl familie vermoed deur Leipoldt geskryf is, ens.

**269/4/3**
**Varia.**
Pamflet deur H. Herre met titel *Eine Sammelreise nach Namaqualand*, los aantekeninge, koeverte, verkiesingsbiljet.
8 items